

KARKASSE

KLASSIFIKASIESTELSEL ONDER DIE LOEP

DIE rooivleisbedryf is dit eens dat die bestaande klassifikasiestelsel steeds van waarde is. Dié besluit is geneem op die pas afgelope werksessie wat aangebied is om die klassifikasiestelsel te evalueer.

Die toepaslikheid van die huidige klassifikasiestelsel vir bees- en skaapkarkasse is die afgelope paar jaar deur sommige belanghebbendes in die bedryf bevraagteken. 'n Taakgroep is in 2009 aangestel om dit te ondersoek.

Die bevinding van hul navorsing is op die twaalfde vleissimposium einde 2014 oorgedra. Dit het nie oontseggelik bewys dat 'n verandering aan die klassifikasiestelsel noodsaaklik is nie, aangesien daar 'n wye reeks veranderlikes is.

Op die onlangse werksessie is

weer beklemtoon dat die klassifikasiestelsel 'n beskrywende stelsel is en nie 'n stelsel ingevolge waarvan gehalte verseker word nie. Dit is soortgelyk aan die stelsels wat in Amerika en Australië gebruik word. Die stelsel wat in Australië gebruik word, beskryf wel gehalte, maar dit is te duur om dit in Suid-Afrika in werking te stel.

Die belangrikste veranderinge sedert die aanvanklike toepassing van die huidige stelsel is:

- Die gewig van beeskarkasse het van 210 kg in 1993 tot 266 kg in 2013 toegeneem. Dié gewigstoename kan nuwe probleme ten opsigte van die bestuur van die finale vleisgehalte meebring.
- Gebruik van groeibevorderaars in intensiewe én eksten-

siewe produksiestelsels het algemeen geraak en het waarskynlik ook bygedra tot die toename in die wisselvalligheid van vleisgehalte.

- Die vetinhoud van karkasse het drasties verminder vergeleke met historiese waardes.
- Die manier waarop die produkte by die slagplaas en die handelaar gehanteer word (soos elektriese stimulasie en veroudering), het verander.

Op die onlangse werksessie is gesê dat die huidige praktyke van bestuur, produksie en verwerking verbeter kan word om die verbruiker van 'n beter produk te voorsien.

Daar was egter konsensus dat dié kwessies nie gehanteer kan word deur veranderinge in die huidige klassifikasiestelsel nie.

Die volgende aspekte moet aandag geniet om die gehalte van die finale produk te verbeter en meer verstaanbaar te maak:

- Opleiding en bewusmaking

oor die klassifikasiestelsel en verwante stelsels.

- Etikettering en handelsmerke.
 - Meer aandag moet aan die proses ná slag geskenk word, soos elektriese stimulasie en verkoeling, wat beter opleiding by slagplase behoort in te sluit.
- 'n Ander saak wat bespreek is, sluit in die moontlike insluiting van 'n vetkleurkode in die huidige klassifikasiestelsel.

Terwyl die gebruik van beta-antagoniste in produksie 'n omstrede saak is, sal dit gepas wees as die gebruik daarvan by alle belanghebbendes in die bedryf deur wetenskaplikes ondersoek word.

Die waardevolle bydraes van navorsers is noodsaaklik om die gehalte van rooivleis en die faktor wat dit beïnvloed, te verstaan.

Die nasionale organisasie vir rooivleisnavorsing en -ontwikkeling (RMRDSA) verdien in dié verband erkenning vir die koördineringsrol wat hy speel, het afgevaardigdes gesê.

VEEARTSE

SENTRALISERING VAN DIENS BEKYK

DIE sentralisering van Suid-Afrika se veterinêre strategie is op 'n vergadering van die Diergesondheidsforum in Pretoria bespreek.

Afgevaardigdes was dit eens dat provinsies wel hul mandaat kan uitvoer as hulle die nodige hulpbronne het. Volgens die forum kan dit egter probleme veroorsaak omdat die meeste van die provinsiale geld van die provinsiale finansieringsdepartement afkomstig is. Hulpbronne word moontlik nie in al die provinsies via die regte kanale versprei nie.

Indien die meeste van die hulpbronne vir siektebestryding van die nasionale landboudepartement kom, kan die provinsies gekontrakteer word om die dienste namens die nasionale departement te lewer.

Die sperdatum vir die indiening van die veterinêre strategie is einde Maart. Die Departement van Landbou, Bosbou en Visserie is steeds op koers om die finale dokument betyds in te dien.

WIE STAAN PA?

Lede van die forum het besluit dat siektebestryding en voedselveiligheid nie langer net die verantwoordelikheid van die nasionale landboudepartement kan wees nie. Dit is waar die Diergesondheidsforum inpas. Dié forum stel 'n samewerkingsooreenkoms daar vir alle sake wat op die gesondheid van Suid-Afrika se nasionale kudde betrekking het.

OIE

Die internasionale organisasie

vir dieregesondheid (OIE) voel baie sterk oor dierewelsyn en dit bly 'n kwessie wat omvattende skakeling verg. Volgens die OIE moet die departement 'n nuwe departement vestig om dierewelsyn te hanteer, maar volgens die Rooivleisprodusente-Organisasie is die departement nie tans gereed om só 'n verantwoordelikheid aan te pak nie.

BEK-EN-KLOUSEER

Die uitbreking van bek-en-klousee 'n ruk gelede in die noord-westelike deel van Limpopo in die beheerde gebied is onder beheer. Wild beweeg egter steeds oor die grens. Dit kan 'n groot risiko vir Suid-Afrika se status as vry van bek-en-klousee inhou. Verder is daar 'n behoefte aan slagteriewe in die beheerde gebied omdat dié boere nie buite die beheerde gebied mag slag nie.

Die Universiteit van Pretoria se fakulteit veeartsenykunde is besig om 'n risiko-ontledingspro-

tokol vir die bemerking van vleisprodukte van endemiese gebiede te ontwikkel.

GEMEENSKAPJAAR

Daar is 'n paar haakplekke met die afhandeling van die verpligte gemeenskapsjaar vir veeartse, maar dit lyk of die meeste probleme maklik opgelos sal kan word teen die einde van die huidige boekjaar. Die nasionale landboudepartement is versoek om 'n behoorlike protokol in dié verband gereed te kry sodat die veeartse wat die gemeenskapsjaar voltooi het, gereed is om hul plek in die beroepswêreld vol te staan.

INVOERREGULASIES

Daar is eenparig besluit om die departement te versoek om die invoerregulasies vir lewende vee van Suid-Afrika se buurlande dringend in werking te stel, aangesien die huidige invoermaatreëls nie Suid-Afrika se nasionale dieregesondheidsstatus beskerm nie.



HIERDIE BLAD IS DEUR DIE ROOIVLEISPRODUSENTE-ORGANISASIE GEBORG.

BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY 012 349 1102.

E-POS: rpo@lantic.net. WEBWERF: www.rpo.co.za.